

STANDERTON SAALPERDSKOU



13 & 14 SEPTEMBER 2019

Aan alle Afrigters, Eienaars, Vertoners en Saalperdvriende

Dit is vir ons 'n groot voorreg om hierdie jaar ons 11de NGSU Saalperd Streekskou op Standerton aan te bied. Ons is opreg dankbaar vir hierdie genade. Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om groot te gaan en 'n skou uit die maat uit aan te bied. Ons nooi u nou uit om ons te ondersteun en te help om dit 'n onvergeetlike ervaring te maak deur in te skryf en u perde te kom vertoon. Soos vorige jare bewys het, gaan daar weer goeie prysgelde wees. Daar is ook vanjaar Plesierperdkampioenskappe bygevoeg omdat so baie vertoners daarvoor gevra het.

Ons poog om Standerton Saalperd Streekskou een van die beste skoue in die land te maak. Dit sal vir ons 'n voorreg wees om julle almal weer hierdie jaar te sien!

Die Streekskou word aangebied te Standerton Skouterrein. Die skouterrein se **GPS Koördinate: S 26° 56' 48.4 E 29° 15' 2.1** Die Standerton Skou is 'n 3-dae Landbouskou, alhoewel die **Saalperde en Hackney Ponies slegs Vrydag en Saterdag** skou. Op Donderdag 12 September 2019 word 'n Springskou (Showjumping) aangebied. Kontak gerus Melanie Vosloo vir enige navrae – 076 638 9622. Dis 'n baie groot geleentheid in Standerton en omgewing, met hope steun van die gemeenskap en baie toeskouers wat gelok word deur 'n uitstekende en vol feesprogram. Ons kan nie vir 'n beter geleentheid vra nie!

Ons beskik tans oor 'n totaal van 200 uitstekende stalle, met voldoende gratis “bedding”. Daar is weer 'n vertonerstent langs die arena waar die perdevriende gesellig kan saamkuier en terselfdertyd die perde in die arena kan dophou. NB Slegs beperkte staanplek vir Gazebo's langs die baan is beskikbaar, maar u moet asseblief ons (Jabbies) kontak, sodat ons vir u die staanplek kan uitwys.

NB Ons wil u asseblief vriendelik versoek dat **GEEN VOERTUIG** op die skouterrein toegelaat sal word nie. **Parkering is beskikbaar op die sportvelde langs/onderkant die versameling.** Neem asseblief kennis dat die skougronde se hekke vanaf 21:00 saans tot 7:30 in die oggend oop sal wees indien u voer ens wil inbring. Voertuie is egter verbode op die terrein durende die dag van 7:30 tot 21:00. Baie dankie vir u samewerking in die verband! (Die voertuigkaartjies wat aangekoop word verleen toegang tot die parkeerterrein)

Vrydagaand om 19h00 nooi ons alle vertoners, afrigters, eienaars en borge om saam te kuier by 'n lekker gratis **braai en geselligheid** in die tent langs die baan met die komplimente van die Skoukomitee. 'n Kontantkroeg sal beskikbaar wees. Julle kan weereens verseker wees van ons gasvryheid en goeie vermaak. Daar sal ook voorsiening gemaak word vir die "grooms" vir 'n braai die Vrydagaand.

Ten tye van die skou sal daar 'n restaurant, asook 'n kontantkroeg, beskikbaar wees in die vertonerstent, uitsluitlik vir die gebruik en gerief van al ons vertoners en borge.

PROGRAM: Let asseblief daarop dat leë klasse na die sluitingsdatum geskrap sal word - klasse met slegs een inskrywing sal moontlik kombineer word - dit is die skoukomitee se reg om hieroor te besluit. Die finale program word die week voor die skou per epos aan Inskrywers gestuur en word ook op die skou uitgegee - maak seker dat julle daarvolgens beplan.

NAVRAE: Jabbies Lotz 082 859 0162
 Tersia Malan 082 462 8547

AKKOMMODASIE:

BAIE BELANGRIK :

Bespreek asseblief vroegtydig u verblyf, aangesien Standerton se beskikbare akkommodasie gewoonlik vroeg al vol is.

**** APPLE DEW GASTEHUIS**** van Eubus Pretorius stel steeds spesiaal sy verblyf beskikbaar aan ons Saalperd Gaste. (meld dat julle Saalperd gaste is wanneer jy bespreek) Hierdie is 'n puik gastehuis - maak gerus van die aanbod gebruik, dan kuier almal daar heerlijk verder. Kontak Eubus by 082 448 9108 of eubus@heymanskole.co.za om te bespreek.

Vir volledige besonderhede van ander beskikbare akkommodasie, gaan kyk asseblief op die webblad <http://standerton.com> - Alle gastehuse word daar gelys.

BANKBESONDERHEDE van Standerton Saalperd Skou:

FNB TJEKREKENING

Naam v rekening: **STANDERTON SAALPERD SKOU**
Rekening no: **6222 593 5842**
Takkode: **270 443**

Stuur asb al 3 dokumente saam terug: (slegs aan jp.tmalan@gmail.com)

- 1 Opsomming van Inskrywings en Toegang
- 2 Inskrywingsvorm volledig ingevul
- 3 Bewys van betaling (Meld asseblief jou naam/stalle as verwysing saam met deposito.)

***** Sluitingsdatum vir Inskrywings is Maandag 26 Aug 2019 *****

**Ons sien uit daarna om julle op Standerton te ontvang –
kom ons maak dit 'n skou om vir altyd te onthou !**

Vriendelike Standerton Groete

Jabbies Lotz